

31 Julie - MESSIAS

Skrifgedeelte: Johannes 1:29-42

Fokusgedeelte: Johannes 1:41

Hoe het Johannes die Doper Jesus as die Messias herken? Hoe kon hy so beslis verklaar: *“Ek het duidelik die Gees soos ’n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God ... het vir my gesê: Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God”* (vs 32-34)? Die Heilige Gees is die Kenmerk!

In die Ou Testament dui die Hebreeuse woord *Messias* op iemand wat seremonieel met olie gesalf (aangestel, benoem) is om ’n belangrike diens te doen. Aäron en sy seuns is só gesalf om as priesters die HERE (Jahweh) te dien. Dawid is só gesalf om as koning “tipe” van God se ewige Gesalfde te wees (2 Sam 7:1-17).

In die Nuwe Testament staan dié woord, met die Griekse vertaling *Christus*, in Johannes 1:41 en 4:25. Toe Johannes die Doper dus sê hy het self gesien hoe die Gees op Jesus kom – soos ’n duif met sy doop in die Jordaan – snap sy volgelinge: Jesus is die Messias, die Christus, die Gesalfde Priester en Koning van God! Die olie met die Ou-Testamentiese salwingseremonie was simbool van God se Gees (1 Sam 10:1-12; 16:13). Daarom verseker Andreas sy broer Simon Petrus: *“Ons het die Messias gevind!”*

Het u Hom ook gevind? Herken u Hom in u lewenswyse? Dit sal nie gebeur solank u sy Salwer, God die Heilige Gees, bedroef en weerstaan nie.

Sing: Skrifberyming 8-1 of 14

Ds J Botha (Laeveld)